# Die Vredevors!

**Vrydag 10 Desember 2021**

**<u>Jes 9:5</u>**

"Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee;
Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare
Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, **Vredevors.**"

**Jesaja profeteer 'n boodskap van hoop!**

Ons lees in die Bybel in **<u>Jes 9:5,6</u>** die volgende:

| **(NAV-'83)** | **(OAV-'53)** |
|---|---|
| 5) "Vir ons is 'n Seun gebore, | 5) Want 'n Kind is vir ons <u>gebore,</u> |
| aan ons is 'n Seun gegee; | 'n Seun is aan ons <u>gegee</u>; |
| Hy sal <u>heers</u>, en Hy <u>sal genoem word</u>: | |
| • Wonderbare Raadsman, | |
| • Magtige God, | Sterke God, |
| • Ewige Vader, | Ewige Vader, |
| • **Vredevors.** | **Vredevors** |

6) Sy heerskappy sal uitbrei, en

- **<u>Hy sal</u>** vir altyd vrede en voorspoed bring.
- **<u>Hy sal</u>** op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer.
- **<u>Hy sal</u>** dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd.
  Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg."

**<u>Die Messiaskoning sal oor Israel heers.</u>** (vgl. *(Bybel in Praktyk. 1993:979)*

By sy troonsbestyging kry Hy wonderlike name:

- **Wonderbare Raadsman** – (Heb pele – joets)
  Ons lees ook in Jes 28:29 dat kennis wat van God kom is **<u>wonderbaar</u>**.
  Hy sal geen raad van ander nodig hê nie, want God is sy raadgewer;
  Hy sal self raad gee, raad wat alle menslike begrip te bowe gaan.
  Hy is self God, wat volgens ons Belydenis NGB art 1 **Volkome wys is.**
  In Jes 11:2 word verder geopenbaar hoe wonderbaar en wys Hy sal wees en watter soort raad Hy het. **<u>Jes 11:2</u>** "Die Gees van die Here sal op hom rus:..."
- **Magtige God** – **(hebreeus = gibor-*magtig;* el-*God***
  Die Messiaskoning is self God se direkte verteenwoordiger op aarde;
  Hy is in staat om die mens teen elke moontlike bedreiging te beskerm.
  Hy is self ook waarlik God.
  Ons bely van Jesus Christus se Godheid in die **<u>NGB art 10</u>:**
  "Hy is dus die ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien."

- **Ewige Vader**
  **Hierdie is 'n koninklike titel** – soos dit 'n koning betaam is Hy vir sy onderdane 'n vader wat voortdurend vir hulle sorg.

Juis in die tyd van Jesaja was ’n koning soos ’n vader vir sy onderdane.
Ons lees in **<u>Jes 22:21b</u>** dat daar juis van ’n koning die volgende gesê word:
“...Hy sal vir die mense van Jerusalem en vir die inwoners van Juda ’n vader wees.”

In die konteks is Jesus Christus dan ook ons Ewige Vader, nie dat Hy God die Vader se plek kan inneem nie, maar dat Hy waarlik op aarde soos ons Vader is.
Die konteks leer ook duidelik aan ons dat Jesus Christus as ons Koning se vaderskap vir ewig sal wees.

- **Vredevors** – (Heb sjir shalom)
  Dit was, elke goeie koning, se plig om vrede, voorspoed en welvaart vir sy volk, in sy ryk te handhaaf.
  Onder sy heerskappy sal daar harmonie wees sodat elke mens God ongehinderd kan dien.
  Jesus Christus is die Vors van die vrede. *(Bybel in Praktyk. 1993:979)*

Wat beteken die vier benaminge in Jesaja 9 vers 5 vir ons vandag?

- Wonderbare Raadsman
- Sterke God
- Ewige Vader
- Vredevors

Dit beteken dat die geboorte van ons Here Jesus Christus is ’n fees van genade.
Jesus Christus wat elke dag by ons is en raad gee deur sy Woord en Gees.
Jesus Christus wat self God is.
Jesus Christus wat ons Vader is, wat by ons is en wat vir ons intree by ons Hemelse Vader.
Jesus Christus wat vir ons volkome vrede bring, al is daar hartseer, lyding, dood, nood, of wat ookal, by Hom het ons vir Ewig Vrede.

**Hy is die Vredevors!**

*Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: <u>gskruger1@gmail.com</u>*